

Hoe kan ek verstaan waarom alles gaan?

Teks: Handeling 8: 26 - 40

Tekvers: Handeling 8: 31

1. Inleiding

“Moenie vrae vra nie, doen net soos ek sê.” Ons almal weet hierdie harde woorde is selde suksesvol. Wanneer dit aan ’n ondergeskikte gesê word, dan verwag dit onbevraagtekende slaafse navolging. En alhoewel hierdie sisteem baie effektief kan wees, kan dit ook tot frustrasie lei van persone wat wel vir hulleself wil dink. Want uiteindelik is die mens ook geskep as ’n wese wat by uitstek die vermoë het om te verstaan in die skepping.

En alhoewel mense vandag soms baie lui is om oor sake te dink, is daar tog iets in verstaan. Ook vandag wil mense die lewe verstaan. Hulle wil sin maak uit die lewe. Hulle wil die lewe geniet. En is bereid om die middele aan hulle toe vertrou te gebruik hiervoor. Maar wat moet uiteindelik verstaan word deur ons menslike verstand om die lewe vreugdevol te maak?

Dit is waar ons vanoggend die eunug uit Ethiopie aantref. Hy is opsoek na die sin van die lewe. En in ons preek vandag fokus ons op die adres waar hy die vreugdevolle sin van die lewe vind. Want sien uiteindelik gaan dit nie oor waar hier persoon vandaan kom nie. Maar waarheen hy op pad is. Daarom is dit verkeerd om hierdie teksgedeelte te kaap as ’n bewysteks vir ’n agenda oor nasionaliteit, ras of selfs seksuele oriëntasie.

Nee hierdie teksgedeelte het ’n heeltemal ander middelpunt. Hierdie middelpunt lê uiteindelik in die ontmoeting van die Ethiopiër, te middel van skrifstudie en gebed hier op sy wa. Kom ons reis saam met die Ethiopiese eunug en Filippus op die wa op pad vanaf Jerusalem na Gasa. Kom ons deel in die ware ontmoeting op hierdie stil pad.

2. Die behoefte van die Ethiopiër

Duidelik het hierdie Ethiopiër ’n behoefte aan iets. Hierdie ontmande man verlang iets meer. Maar kom ons begin by wat hy het. Hy sou vandag in ons samelewing bekendstaan as ’n suksesvolle professionele persoon. Hy het baie ver gevorder is sy profesie. Dit het natuurlik nie sonder opofferings gekom nie. Inteendeel dit is juis waar die gebruik om ’n eunug te word vandaan kom.

Dit werk soos volg. ’n Eunug was ’n ontmande man, met ander woorde ’n man wie se geslagsdele verwyder is. Dit het in hierdie tye ook vrywillig gebeur. Mans het vrywillig hierdie stap geneem, want dit het ’n klomp werksgeleenthede opgesluit vir so ’n persoon. Die opsigters van die harems destyds was Eunugs gewees. Want so ’n Eunug sou natuurlik geen fisiese bedreiging vir die vroue van die koning inhou nie.

Maar ook was sulke persone in beheer geplaas van sleutel rolle in ’n koninkryk. Want die afwesigheid van ’n nageslag het gewoonlik beteken dat die persoon nie sommer ’n revolusie of magsoorname sou aanpak nie. Omdat daar niemand is om dit voor na te laat nie.

Ons sien iets hiervan weergalm in vers 33 waar gepraat word oor ’n nageslag wat nie genoem kan word nie. Vers 32 tot is natuurlik die aanhaling van dit wat hierdie persoon uit Jesaja 53 lees. Tog tref ons hierdie gedeelte oor die nageslag nie aan in die masoretiese teks wat ons Ou Testament vorm nie, maar dit is wel deel van Septuagint, die Griekse vertaling wat hy lees.

Maar uiteindelik is die soeke wat die Heilige Gees in hierdie persoon werk na soveel meer as ’n blote aardse nageslag.

Ons sien dit in hierdie pelgrimstog wat hy onderneem om in Jerusalem te gaan aanbid. Daar waar hy waarskynlik aan hierdie Jesaja teks gekom het. Want as eunug was hy natuurlik nie welkom in die binnehof van die tempel nie volgens Deuteronomium 23:1. Tog sou hy waarskynlik in Jerusalem 'n gedeelte van dit teks van die Ou Testament kon bekom.

3. Christus is wat nodig is

Hierdie persoon weet dat die antwoord wat alles laat sin maak in die geloof lê. En daarom gaan hy natuurlik op hierdie geloofsreis. En die Heilige Gees bewerk dit dan ook so dat Hy 'n kopie van die Woord van die Here in die hande kry. Deur die Heilige Gees spreek die woorde uit die Bybel tot hom en hy besef dat hy by die man wat beskryf word in die Bybel moet uitkom. Maar wie is hierdie man wat die Profeet Jesaja beskryf? As hy tog net iemand gehad het om hierdie teks vir hom te kom uitlê. Want hy weet dat hy by hierdie man moet uitkom.

Sien ware studie van die Woord van die Here onder leiding van die Heilige Gees bring ons altyd terug by een persoon. Ons Here Jesus Christus. Maar saam met Woord van die Here is daar nog 'n komponent waardeur die Gees die geloof in mense werk. Iemand wat die skrif uitlê in 'n unieke tyd en konteks. Hierdie persoon vir die Ethiopier in ons teks is Fillippus. Hy het die voorreg om die woord van die Here te verkondig en hierdie persoon in die teenwoordigheid van ons Here Jesus Christus in te bring. Ons moet verkondigers van die woord wees, sodat mense ons Here Jesus Christus en die verlossing wat net by Hom te vind is kan leer ken.

Want dit is uiteindelik wat Romeine 10 ons leer daar staan mos: ¹⁴“Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? ¹⁵En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is

nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring.”

4. 'n Vreugdevolle lewe

Uiteindelik vind hierdie man nie die sin en rede op hierdie pelgrimreis waar 'n mens dit verwag nie. Dit gebeur nie in Jerusalem nie, maar op pad terug huis toe. Daar ontferm die Here Hom oor hierdie man en verlos hom. En dit is waar ware sin en vreugde in die lewe lê. Baie mense het al verkeerdelik hierdie teksgedeelte gebruik om die inklusiewe karakter van geloof en die kerk probeer verbuig. Veral ook deesdae in die argumente oor seksuele oriëntasie onder gelowiges.

Maar tog is dit belangrik om te sien waar hierdie man blydschap en vreugde vind. hy vind dit nie in die blote aanvaarding in een of ander gemeente nie. Nee hy vind dit by die verondenheid aan Jesus Christus self. Daardie verbondenheid, waarvan die sakrament van die doop vir ons 'n teken en seël is. Want in die sakrament van die doop bely ons dat ons deel word van Christus se sterwe en opstanding. Deur sy bloed wat aan die kruis vir ons sondes gevloei het, is ons skoon gewas en kan ons nou 'n lewe tot Sy eer en verheerliking lei.

Dit is waar ware vreugde en sin in die lewe te vinde is. Nie in die eenvoudige aanvaarding van my sondes, deur 'n geloofsgemeenskap nie. Maar in die verlossing in ons Here Jesus Christus. Dit wat ons saam met medegelowiges ervaar. Dit waarin ons juis mekaar versterk en dra wanneer ons saam die skrif bestudeer. Wanneer ons gedurig ook na die uitleg van God se woord luister. Duidelik is 'n lewe waarin ek verstaan waarom alles gaan weg van die kerk, die liggaam van Christus nie moontlik nie.

'n Vreugdevolle lewe is 'n lewe waarin ek die verlossing in ons Here Jesus Christus ervaar. Maar ook die warm liefde van

medegelowiges wat saam met my hierdie pad na die ewigheid stap.

5. Slot

In handeling 8 kry ons te doen met 'n eienaardige konteks. Die konsep van Eunugs leef nie meer vandag voort nie. Tog sien ons weer in ons moderne tye dat stemme opklink om wel medies fisies geslagsveranderinge te laat plaasvind. Gewoonlik is die argumente dat mense vasgevang is in die liggaam van die verkeerde geslag. Behalwe dat dit heeltemal teen die skeppingsorde en die wil van die Here ingaan, sien ons in vandag se teksgedeelte dat dit ook nie op die ou einde geluk sal bring nie. Daardie ware vreugde waarna mense opsoek is, is nie te vind in die aanwesigheid of afwesigheid van spesifieke geslagsorgane wat geslag bepaal nie. Dit is net te vind in die verlossing in ons Here Jesus Christus.

Dit geld ook vir ras en nasionaliteit. Twee aspekte van die Ethiopiese man wat gereeld voor die deur van die tradisionele kerk gegooi word. Tog gaan hierdie band met Ethiopie waarskynlik ver terug tot by Salomo en die koningin van Sakeba. Maar ten einde laaste is daar ook nie vreugde te vind in die aanvaarding of selfs bevoordeling van jou ras en nasionaliteit nie. Die ware vreugde en verstaan is weereens net te vind in ons Here Jesus Christus.

Laastens bevestig hierdie teksgedeelte weereens ons roeping en rol as verkondigers van die Woord van die Here. Vandag is die Woord van die Here vrylik beskikbaar vir enige iemand om te bestudeer. Tog wanneer mense dit begin bestudeer, kom daar in hulle die behoefte op met ander gelowiges daarvoor te praat. Om saam met iemand in die geloof die pad te stap. Daarom gee Christus ook vir ons Sy liggaam letterlik as offer aan die kruis. Maar ook figuurlik in die kerk van die Here. Ons kan almal saam as kerk die Here eer en verheerlik. Want uiteindelik is

dit tog waaroor alles werklik gaan. En vreugde kan uiteindelik net gevind word, wanneer ons alles werklik verstaan en leef tot eer van die Here.

Amen